In partnership with

**Inligtingsblad No. 4** **Julie 2025**

# VOLTOOIÏNG VAN DIE "CAR"-VOËLTELLINGVORM

**Teken elke keer die volgende besonderhede aan wanneer 'n voël gesien word en by elke 2 km stilhouplek indien 'n voël daar gesien word. Sien Inligtingsblad No. 1 vir ander belangrike inligting oor "CAR"-voëltellings.**

**1. KM LESING:** van die voertuig se ritmeter. Stel asseblief die ritmeter na 0 by die beginpunt van die telling.

**Terugritte en ompaaie:** Gebruik 'n lyn op die padtellingsvorm om die km-lesing by die begin en einde van elke ompad of terugrit aan te teken, bv. 'Ompad van 10 km tot 20 km'. Gaan voort op die roete sonder om die ritmeter te verstel. Dit word gedoen sodat die km-lesing aangepas kan word vir datavaslegging (**sien Inligtingsblad No. 1 vir verdere inligting**).

**Let wel: Telroetes moet te alle tye in dieselfde rigting getel word.** Indien dit om een of ander bepaalde rede nie moontlik is om in die normale rigting te tel nie, dui dit baie duidelik op die tellingsvorm aan, pas die km-lesings dienooreenkomstig aan en dui dit onder *"Notas"* op die tellingsvorm aan. Jou roetekaart behoort met 'n **S** vir begin en 'n **E** vir einde opgemerk wees. Skakel met jou Streeksorganiseerde indien jy nie seker is nie.

**2. SOORTE:** Alle kraanvoëls, alle poue, alle korhane, alle ooievaars (veral Wit-), Bromvoël, Sekretarisvoëls, Kalkoenibis, Swartkopreier, Wildemakou, sowel as ander voëlsoorte wat in die spesifieke telgebied as belangrik geïdentifiseer is. Onthou asseblief dat 12 roofvoël- en aasvoëlsoorte en 3 kraaisoorte nou ingesluit is by die CAR-telling. Gebruik die afkortings vir die voël-soorte soos aangedui op die CAR-voëltellingvorm.

**Wenke om tussen Jakkalsvoëls te onderskei:** 'n Jong Rooiborsjakkalsvoël kan baie na 'n Bruinjakkalsvoël lyk, maar het groter, breër vlerke en is ligkleurig onder die stertvere, sonder dwars strepe. (Sasol). Die jong Rooiborsjakkalsvoël is groter en swaarder gebou, met 'n sterker snawel en breë rooibruin stert. Die kleiner Bruinjakkalsvoël het langer, nouer vlerke. (Roberts Birds).

Die **vier soogdiere** wat ook getel word, is die Kaapse Grysbok, Vaalribbok, Oorbietjie (Oribi) en Steenbok.

**3. TELLING:** Tel die aantal voëls wat gesien word. Kraanvoëls, poue en ooievaars kom dikwels voor in wydverspereide swerms. Kyk dus versigtig met 'n verkyker rond in alle rigtings om seker te maak dat alle voëls in die omgewing getel word. Voëls naby die pad of ver van die waarnemer af word op dieselfde manier getel.

**Ouderdomsklasse:** Veral in die geval van Kraanvoëls moet daar besluit word of die voëls volwasse (Volw.), onvolwasse (Onvolw.) of kuikens (Kuiken) is en die aantal van elk moet aangeteken word in die toepaslike kolom. In die geval van Bloukraanvoëls het die volwassenes 'n lang stert,

onvolwassenes ‘n kort stert, terwyl kuikens donsig is. By die Mahem het die onvolwassenes ‘n korter kuif en geen of kleiner lelle, terwyl die jong Lelkraanvoëls ‘n wit kroon en klein lelle het. Hierdie ouderdomsklasse moet, waar moontlik, gebruik word vir al die ander soorte. Indien die ouderdomsklasse nie onderskei kan word nie, moet die totale aantal individue aangeteken word in die eerste kolom (Volw.) Oor die algemeen word “kuikens” beskou as donsige individue, “onvolwasse” is geveerde jong voëls wat opmerklik kleiner is as volwasse voëls of wat nog ‘n onvolwasse verekleed vertoon.

**4. HABITAT:** Die habitat wat benut word deur **alle** soorte moet aangeteken word. In die geval van wydverspreide swerms, mag individue in verskillende habitatstipes voorkom. **In hierdie geval moet die aantal voëls in elke habitatstipe afsonderlik getel word en in opeenvolgende lyne op die vorm aangeteken word, met dieselfde kilometerlesing vir elk van die lyne**. Dit maak dit moontlik om habitatbenutting beter te omskryf.

Die **hoofhabitatstipes** en **subkategorieë** is soos volg:

a) **kaal grond** (afkorting: **‘kaal’):** ‘n onlangs geploegde land waarop nog geen graan ontkiem het nie.
b) **landbou gewasse** (afkorting: **‘gewas’**)**:** ‘n land met ‘n gewas wat groei soos mielies, koring, hawer, of canola). Indien die gewas wat groei identifiseer kan word, moet die subkategorieë aangedui word:
   - **graangewasse** (afkorting: ‘**graan’):** graangewasse soos koring, mielies, hawer, rog of gars
   - **nie-graangewasse** (afkorting: ‘**nie-graan’**): kruidagtige nie-graangewasse soos lupine, canola en groente).
   - **boorde** (afkorting: **‘boord’**): vrugteboorde, wingerde, rooibos, turksvye, aangeplante rye proteas, en enige ander gewas waar die struktuur van die gewas hoër en/of meer houtagtig is as dié van ander nie-graangewasse.
   - **bosbouplantasie** (afkorting: **‘plantasie’**): stande aangeplante bome soos dennebome, bloekombome of wattelbome.)

   **Let daarop**: Waar moontlik, moet waarnemers ook die tipe gewas identifiseer bv. koring of aartappels. Dit word bv. aangeteken as **‘graan – koring’.**
c) **stoppels** (afkorting: **‘stoppels’**): ‘n land waar die gewas afgesny, of geoes is en wat gekenmerk word deur dik, afgesnyde, droë halms.
d) **weiding** (afkorting: **‘weiding’**): ‘n land met breëblaar weiding soos lusern, klawer ens. of ‘onnatuurlike’ grasveld wat spesifiek aangeplant is vir weidingsdoeleindes. **Let daarop:** weiding is nie ‘n natuurlike grasveld of die oorblyfsels van ‘n verboude gewas nie. Weiding is gewoonlik ‘n monokultuur van een plantsoort en vertoon dikwels geil. Natuurlike grasveld darenteen, bestaan uit ‘n verskeidenheid plantsoorte.
e) **gesnyde weiding** (afkorting: **‘gesny’**). ‘n land of veld, gewoonlik groen, met gesnyde gras of lusern wat op die grond lê of wat gebaal en verwyder is. Die land/veld is duidelik bedek deur gras wat duidelik gesny is en is nie ‘n graangewas nie. **Belangrik:** Hierdie kategorié kom gewoonlik slegs in die grasveldbioom voor.
f) **natuurlike plantegroei/veld** (afkorting: **‘veld’**): dit sluit alle tipes inheemse natuurlike plantegroei in, soos natuurlike grasveld (in die grasveldbioom van die Vrystaat en KwaZulu-Natal), natuurlike fynbos/renosterveld in die Suidwes-Kaap en ook karooveld.
g) **gebrande grasveld** (afkorting: **‘brand’**): onlangs gebrande veld wat nog swart is.
h) **braakland** (afkorting: **‘braak’**): ‘n land wat nie aktief bewerk word nie, maar wat in die verlede bewerk is. Onkruid en inheemse pioniersoorte kan opvallend wees en daar mag enkele oorblyfsels van stoppels wees as die land slegs vir ‘n jaar of twee braak lê. Hierdie kategorié verskil van natuurlike plantegroei deurdat daar nie dieselfde diversiteit van inheemse plante voorkom nie, die struktuur van die plantegroei verskil van dié van onbewerkte veld, en tekens

van bewerking in die verlede sigbaar is, bv. kontoerwalle, ploegvore of hope los klippe). Braaklande kan as weiding aangewend word, maar verskil van weiveld soos hierbo aangedui.

i) **vleiland** (afkorting: **'vleiland'**): sluit in damme, panne, riviere, vleie, ens., asook seisoenale 'droë' vleilande.

j) **vlieg,** (afkorting: '**vlieg'**): wanneer 'n voël in vlug is, dui **'vlieg'** aan as habitat. As 'n voël egter vlieg omdat dit versteur is, of omdat dit pronk, dui die habitat aan waaruit dit opgestyg het.

k) **ander** (afkorting: **'ander'**): vir enige habitat wat nie een van die bogenoemde kategorieë is nie. Spesifiseer asseblief **"ander-pad/padreserwe"** as die voël in die pad of padreserwe is.

l) **onbekend** (afkorting: **'onbekend'**): as die tipe habitat nie onderskei kan word nie, gewoonlik omdat te ver is om te identifiseer.

**Let daarop**: As 'n roofvoël op 'n paal of kragmas sit, teken die mees dominante habitat in die omgewing naby die paal aan – gewoonlik die akkerbou habitat. Teken aan as: **'op paal' / 'op kragmas'** vir *Tersaaklike kenmerke naby* en **'sit'** as *Aktiwiteit*.

**5. TERSAAKLIKE KENMERKE NABY:** Hierdie kolom is bedoel om addisionele inligting oor die habitat te voorsien. Voëls mag in 'n habitat wees as gevolg van 'n voedingsbron of water of een of ander tersaaklike kenmerk naby. Met **"naby"** word bedoel **binne 100 m** vanaf die voël. **Let daarop: hierdie inligting hoef nie by elke waarneming aangeteken te word nie, maar slegs as daar 'n belangrike kenmerk is wat na jou opinie die voël aangelok het.** Wanneer die voël in 'n akkerbou habitat of vleiland is, maar ook binne 100 m van inheemse plantegroei is, teken **'veld'** in hierdie kolom aan. Wanneer die voël in die habitatstipe **'veld'** is, moet **'veld'** nie as *Tersaaklike Kenmerk naby* aangeteken word nie.
**Let wel** dat **'op paal'**, **'op kragmas'**, **'op heining'**, **'karkas'** en **'rots dagsoom'** by hierdie opsies gevoeg is omdat roofvoëls en kraaie ook nou getel word.

**6. KANT VAN PAD:** Voltooi asseblief **'L'** of **'R'** vir **elke** waarneming om aan te dui of die voëls aan die regterkant of linkerkant van die pad waargeneem is. Hierdie inligting help om die lokaliteit van die waarneming meer noukeurig aan te dui.

**7. AFSTAND (na voëls):** Opsioneel. Indien moontlik, noteer die loodregte afstand (in meter) vanaf die pad na oorspronklike posisie van die voël wat waargeneem word (voordat dit vlieg of weghardloop). Die afstand word verkieslik met 'n laser-afstandmeter (soos gebruik by golf of jag) gemeet. Die afstand kan ook geskat word, maar indien jy twyfel, laat hierdie handeling heeltemal uit. Hierdie inligting word gebruik om die relatiewe volopheid (voëls /km) om te skakel na 'n raming van digtheid (voëls/oppervlakte) wat gebruik word vir populasieskattings (wanneer die effektiewe waarnemingsafstand bekend is). Die afstand word gemeet (geskat) tot by die middel van 'n swerm vir groot groepe. *Meer tegniese inligting kan bekom word by:* https://en.wikipedia.org/wiki/Distance_sampling.

**8. AKTIWITEIT: Let wel: Die laaste kolom vir Aktiwiteit moet voltooi word vir tenminste die 3 kraanvoëlsoorte, nl. Bloukraanvoël, Mahem en Lelkraanvoël, die 3 groot poue, nl. Gompou, Veldpou en Ludwigse Pou, asook die Swartvlerkkorhaan, die roofvoëls en die kraaie.**

Teken die aktiwiteit aan waarmee die voël besig is by waarneming en gebruik die volgende kategorieë:

a) **onaktief:** sluit in: staan/sit stil, stryk vere, luier, ens.
b) **voed:** sluit in: besig om te eet of loop rond en soek aktief na kos.
c) **vlieg:** voël in vlug.

d) **broei:** sluit in: paring en broei. Moet asseblief nie enige broeiende voël versteur nie.
e) **pronk**: sluit in voëls wat pronk of 'n paringsdans doen (hierdie aktiwiteit moet nie by "broei" ingesluit word nie).
f) **stap:** vir voëls wat rond stap sonder om aktief na kos te soek.
g) **roep:** net vir korhane, indien gehoor maar nie sigbaar.

In die meeste gevalle is al die voëls van 'n swerm of groep by dieselfde aktiwiteit betrokke, andersins noteer die aktiwiteit waarin die meeste voëls van die groep betrokke is.

Vir **roofvoëls en kraaie** is daar ook twee addisionele aktiwiteite:

- **sit:** sit op 'n verhewe posisie (Engels: "perched").
- **jag:** aktief besig om na prooi te soek.

**9. KLEURRINGE:** Vir voëls wat gemerk is met kleurringe, word die kleurringe van bo na onder noteer (bv. rooi bo blou) in die afdeling verskaf, en die km. Let wel: dui aan die linker- en regter bene van die voël asof jy die voël is. Dit word aangeteken in die ruimte wat voorsien word. Dit is ook hulpvol as jy ook 'n foto kan neem.

**10. DOOIE VOËLS:** Teken aan: die soort, die km-lesing en ander inligting soos bv. 'onder kraglyn' of moontlike oorsaak van dood vir alle dooie voëls onder **Notas**.

**Belangrike kontakpersone**: In die geval van kraglynmortaliteite, stuur asseblief fotos, lokaliteit en kragmasnommer aan Ndzalama Chauke (ndzalamac@ewt.org).
In gevalle waar vergiftiging vermoed word, skakel asseblief dringend vir John Davies vir roofvoëls (076 527 9632), en Christie Craig (Western Cape: 066 289 5988) of Bradley Gibbons (Karoo & grasveld: 082 566 5803) vir kraanvoëls.

**11. VOLTOOIÏNG VAN DIE OPNAME:**

a) Teken die tyd en km-lesing aan by voltooiïng van die roete. (Jy mag die telling onderbreek vir verversings voor voltooiïng van die roete, maar dui die onderbreking aan op die vorm – die tyd en duur van die onderbreking).
b) Bereken die lengte van die roete, d.w.s. trek alle ompaaie of terugroetes van die ritmeterlesing af en teken die roete lengte aan op die vorm. Maak seker dat alle inligting wat vereis word, aangeteken is en gee enige inligting wat van belang kan wees onder die hofie 'Notas'.
c) Indien jy vir die eerste maal 'n telling doen, sal dit nodig wees om 'n **Citizen Scientist Number** te kry, tensy jy reeds deelgeneem het aan die Suider Afrikaanse Voëlatlasprojek 2, of een van die ander "BirdMap" projekte en dus reeds 'n waarnemersnommer het.

   **Om 'n Citizen Scientist Number te kry**, gaan na die webblad van die Southern African Bird Atlas Project 2: https//sabap2.birdmap.africa/ en klik op **How to participate** in die kieslys bo-aan. Gaan dan na: **Registering as an observer** en klik op **here,** waarna jy al jou inligting moet invul. Wanneer jy 'n waarnemersnommer of 'n Citizen Scientist Number het, kan jy aanmeld op die CAR-webblad https://car.birdmap.africa/ .

d) Indien moontlik, **lê asseblief jou tel-inligting aanlyn vas**. **Jy moet aangeteken wees** op die CAR-webtuiste deur jou e-posadres, Citizen Scientist Number/waarnemersnommer (wat outomaties ingevul word omdat dit verbind is met jou e-posadres) en jou wagwoord. Klik daarna op **Upload** in die kieslys aan die bokant van die CAR-webblad en teken jou roetenommer **Route No** aan onder **Survey information and conditions** aan die linkerkant. Voltooi hierdie seksie en daarna die

**Survey distance information** en **General Notes** aan die regterkant. Let asseblief daarop dat jy moet kies tussen voormiddag (**AM**) en namiddag (**PM**). **Kontroleer al die inligting** voordat jy klik op **Save Header**. Hierna is dit moontlik om addisionele waarnemers by te voeg, waarna die inligting van al die voëlsoorte ingesleutel word. Kontroleer alle inligting voordat jy klik op **Add Record**, omdat jy nie al die vasgelegde inligting kan sien nie, nadat dit aan die regterkant bygevoeg is. Kontroleer dat die totale getalle van voëls ooreenstem met die totale op die voëltellingvorm.

**Indien jy 'n fout opmerk nadat jy die soort-waarnemingsrekord (Species sighting record) ingesleutel het**, kan jy klik op **Edit record** aan die einde van die lyn met die soort-waarnemingsinligting (**Species sighting information**) aan die regterkant. Die rekord sal weer verskyn in die **Add species sighting** seksie aan die linkerkant. Dit is nou maklik om die rekord te wysig en daarna weer te klik op **Add record** waarna die foutiewe inligting deur die korrekte inligting vervang sal wees. Neem asseblief kennis dat nie nodig is om die hele lyn te vervang soos in die verlede met die vorige inligting-vasleggingstelsel nie. Jy kan net die foutiewe inligting regstel en daarna klik op **Add record**.

Voeg hierna inligting oor soogdiersoorte by deur **Mammal** onder **Type of species** te kies. Klik hierna op **Done** om jou telresultate in te dien. Die telling gaan dan na **Pending** vir kontrolering en indiening deur die Streeksorganiseerder. Jou telresultate kan gevind word onder **Dashboard** in die kieslys aan die bokant. Indien dit nodig is om enige van die opname-inligting te korrigeer, onthou om weer te klik op **Save Header**. Korreksies kan nog aangebring word terwyl die inligting onder **Pending** is. Die Streeksorganiseerder of Projek Koördineerder moet genader word indien korreksies aangebring moet word nadat die inligting klaar ingedien is.

e) Bewaar asseblief jou voëltellingsvorm en stuur 'n afskrif per e-pos aan jou Streeksorganiseerder. Indien jy nie die vaslegging self kan doen nie, sal jou Streeksorganiseerder daarvoor reëlings tref.

f) Indien jy op die laaste oomblik nie kon tel nie, of enige probleme of navrae het, skakel asseblief met jou Streeksorganiseerder.

g) Indien jy probleme ondervind met registrasie of die vaslegging van inligting, skakel met jou Streeksorganiseerder of Tania Anderson (tania.anderson@uct.ac.za).

***Dankie vir jou tyd en moeite met die telling en veral vir jou bydrae tot hierdie belangrike projek!***

*CAR Working Group: Donella Young, Michael Brooks, Christie Craig, Tania Anderson, Cassie Carstens, Brian Colahan, Bradley Gibbons, Dave Ehlers Smith and Alan Lee.*

In partnership with